09 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #26

Geliefde Gemeente,

Elke "**OOMBLIK**", is 'n moment in tyd, wat 'n negatiewe of positiewe uitwerking het. Dit wil sê dit spreek van: 'n bedekte begeerte; 'n behoefte; 'n motivering; 'n misleiding; 'n standpunt en selfs ook van bedrog.

Daar is voortdurend "**KONTAK**": met die natuur, met materie en met vlees. Tydens alle kontak - hetsy positief of negatief – is daar altyd die uitdaging, om **WAARHEID** te openbaar.

Dus: is daar oomblikke van **lewe** en **dood**.

Daar is voortdurend **gebeure** waarby ons aanhoudend betrokke is. In elke gebeurlikheid, kan onder andere die volgende drie vrae gevra word:

1. Wie is ek?
2. Wat wil ek hê?
3. Wat is waarheid?

In hierdie verband is daar drie Skrifgedeeltes waarmee ons gekonfronteer word:

- ***Joh. 18:38*** – *"Wat is waarheid?"*
- ***Joh. 3:21*** – *"Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig,"*
- ***Joh. 14:6*** – Jesus het verklaar: *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe"*

Ons, wie volgelinge van Jesus is, word deur die Skrif uitgedaag: om deur die Heilige Gees gelei te word – ***Rom. 8:14*** "*Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is seuns van God."* In ***Joh. 16:13*** vind ons die duidelike perspektief: dat die Heilige Gees ten alle tye ons in waarheid lei.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

**WAT IS WAARHEID**?

- Dit is 'n beproefde feit;
- Dit is wie en wat jy is;
- Die suiwerste vorm van balans.

Dit is wat nou in hierdie tyd van **"inperking"** moet gebeur. Ons moet ingeperk raak in ons voortvarendheid – ons gedagtes is dikwels soos renperde wat die stang vasbyt – ingeperk raak in ons aggressie en woede uitbarstings; in ons wellus en fantasieë; in ons verwerping en self-verdediging meganismes; in ons kompulsiewe aankope; in ons harde wil en hardkoppigheid; in ons strewe om onsself te wil bewys; in ons self-bedrog.

***Joh. 3:30***: *"Jesus moet meer word en ek moet minder word."*

Ons staan voor die keuse van 'n **herlewing**. Die wil en vermoë – om Christus toe te laat om deur ons Sý lewe te **leef.** Die vermoë om **KERK** te wees, nie ons heenkome in 'n gebou of denominasie te soek nie, maar toe te laat dat ons **in Hom gebore word en Hy in ons gebore word**.

Dit beteken: ***"om die waarheid – dit wil sê Christus in my toe te laat, om dit deur my – te doen."***

Jesus Christus bewaar ons.

Liefdegroete,

Ds. J.B. Landmann
Presiderende Leraar

**Ns**. ***Elke oomblik van die dag,***
***bewaar my Heiland my.***
***Elke oomblik van die dag,***
***hou Hy van vrees my vry.***
***Hy wat op die mossie let,***
***hoor my gebed;***
***Elke oomblik van die dag,***
***bewaar my Heiland my.***

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335